10 MEI 2026

# TORINGKERK NUUS

OGGEND EREDIENS | SIEN DIEPER | JOH. 14:15-21



"Watches, cars and Christians can all look chromed and shiny.
But watches don't tick, cars don't go and Christians don't make a difference without insides.
For a Christian, that's the Holy Spirit."

-Tim Downs-

# HEMELVAART

Ons vier jaarliks Jesus se Hemelvaart, waar ons bely dat Jesus liggaamlik die wêreld verlaat het om 'n nuwe ewige woning vir ons by die Vader voor te berei. Hiermee sê ons ook dat Jesus vir altyd koning is, en vier ons ook veral sy wederkoms, waarby Hy ons en die hele skepping nuut gaan maak. Tog glo ons dat Jesus ons nie verlaat het nie, maar dat Hy alomteenwoordig is deur sy Gees.

By Hemelvaart vier ons dus nie dat Jesus ons verlaat het nie, maar dat Hy, hier en nou, ewig en oral by ons is.

**Donderdag, 14 Mei 2026**
**18:30**
**in die Toringkerk**






# WINTER HOOP

**Ons wil graag 'n voorraad items by die kerkkantoor hou om uit te deel waar daar nood is. Indien jy kan help, vra ons asseblief vir warm komberse, mussies, handskoene en klere.**
**Ons wil ook graag "Jars of Hope" uitdeel en benodig die volgende:**

- **glashouers**
- **rys**
- **sopmengsel**
- **lensies**
- **aftrekselblokkies**
- **pakkies soppoeier**

**Baie dankie vir elkeen se omgee, ondersteuning en bydrae — dit maak 'n groot verskil**

# PINKSTER 2026

Ons tema vir hierdie jaar se Pinkster is "Ruimtes - waar God ons ontmoet". Ons begin altyd die Sondag in die oggenddiens en dan is dit Maandagaand, Dinsdagaand en Woensdagaand van 18:00 af waar ons lekker saam kuier rondom sop en brood en ons is so teen 19:30 klaar.

**Sondag 17 Mei, 09:30**
**18-20 Mei 2026, 18:00**
**Sondag 24 Mei, 09:30**

***Ons het mense nodig om sop te maak vir die 3 aande. Kontak asb die kerkkantoor of leraars as jy kans sien om 'n pot te maak vir een of meer van die aande.***



GEBEURE OM NA UIT TE SIEN

# dagboek DIE DATUM



**2 APR** — **WIT DONDERDAG**
TORINGKERK| 18:30



**3 APR** — **GOEIE VRYDAG**
AGTER-PAARL | 09:00



**5 APR** — **OPSTANDINGSONDAG**
TORINGKERK | 09:30



**12 APR** — **THE CHOSEN BEGIN**
TORINGKERK | 17:30-19:30



**8 MEI** — **WYNVEILING**
TORINGKERK SAAL| 18:00



**14 MEI** — **HEMELVAART`**
TORINGKERK | 18:30

# HAM

Huis Andrew Murray is die kinder- en jeugsorgsentrum in Wellington waar Toringkerk al vir baie jare 'n pad stap saam met een van die dogtershuise, Huis Aristea.

Elke jaar het ons die voorreg om die dogters te ondersteun deur winterskoenbokse te pak met benodighede wat hulle andersins nie maklik sou kon kry nie.
Daar is tans 12 dogters in Huis Aristea, en ons sien weer daarna uit om hulle hierdie winter op 'n praktiese manier by te staan.

***As jy bereid is om 'n skoenboks aanmekaar te sit vir een van die dogters, kontak asb vir Elizmari - 0849987865.***






# MARKIETIE 2026

Markietie — 'n hoogtepunt op Toringkerk se kalender waarna baie mense elke jaar uitsien. Dit vind plaas die naweek van 4–5 September.
Ons skop reeds die Vrydagoggend af wanneer skole in die omgewing in klasse kom saamkuier. Dit sorg altyd vir 'n feestelike atmosfeer waarvoor ons baie dankbaar is. Vrydagaand kuier mense lekker saam rondom tafels met heerlike kos en musiek.
Saterdagoggend het meer 'n plaasmark of basaar gevoel met vars groente, ontbyt, 'n tee-tuin, gebak, pannekoek, poeding, Tombola en nog vele meer.
As jy belangstel om betrokke te raak, kontak gerus een van die leraars of die kerkkantoor.

Ons vra ook nou al dat jy sal oorweeg om tydens die Markietie 'n paar uur te help by 'n stalletjie. Ons het regtig elke helpende hand nodig!
Dis nie net 'n geleentheid om saam te werk nie, maar ook om mekaar beter te leer.

# TOMBOLA

*Die Tombola-span is reeds volstoom besig met voorbereidings vir vanjaar se Markietie — en ons het nog helpende hande nodig!*
*As jy graag betrokke wil raak, sluit aan by die Tombola-groep op Toringkerk se WhatsApp-gemeenskap, of kontak vir* ***Zetha*** *direk by 072 712 8424.*

*Daar is baie verskillende maniere waarop jy kan inspring, hetsy by Tombola of elders by die Markietie. Ons het elke ekstra hand nodig, so steek asseblief jou hand op en kom wees deel van die pret en samewerking!*

## TOMBOLA

**TOMBOLA!?!? WAT IS DIT?!?!**

Dit is die lekkerste stalletjie op Markietie!!!! Dit kos R10 om te speel. Jy trek ń nommer uit die Tombola sak en jy wen ALTYD ń prys!

**VIR Ń GROTER EN LEKKERDER TOMBOLA HIERDIE JAAR, BENODIG ONS DIE VOLGENDE:**

1. Tweedehandse speelgoed soos "soft toys", bordspeletjies, poppe, karretjies, "skateboards", balle… alles nog in ń goeie toestand en skoon gewas.
2. Nuwe speelgoed, balle, speelkaarte, karretjies, skryfbehoeftes…skenkings, enige iets wat ń kind se hart sal bly maak.
3. Ons pak ook "Lucky packets" van Augustus maand af. Ons gee die bruinsakkies en julle vul en versier dit ! Hou die afkondigings dop vir meer inligting hieroor.
4. Brei, Hekel of stik jy? Help dan brei, hekel en stik aan handgemaakte speelgoed. (ons is alreeds fluks aan die speelgoed maak.)

**Word deel van die Tombola span!**

Kontak Zetha Baartman: 0727128424

Of bokspring op die Tombola groep (TK Whatsapp)



# BAIE GELUK *met jou verjaarsdag!*

10 Mei Rubenna Loubser
10 Mei Carmen Spangenberg
10 Mei Jaenette Struwig
11 Mei Beyers Jonker
11 Mei Eugene Louw
11 Mei Michau Olivier
11Mei Hanneke Visser

11 Mei Thys Walters
12 Mei Julandie Hayes
12 Mei Marcus Liebenberg
12 Mei Lana Louw
13 Mei Liam Booysen
14 Mei Jacques Bresler
14 Mei Jannie Lamprecht

15 Mei Marieta Dyason
15 Mei Surette Gildenhuys
15 Mei Bosmann Slabber
15 Mei Christine Teichmann
16 Mei Karla Basson
16 Mei Alucci Moller
16 Mei Wilna Weideman

# KINDERS & JEUG

## KINDERKLEINGROEPE (5JR - GR.7)

Kinderkleingroepe hierdie Sondag. Tema: Dawid

## KRUISCONNECT (GR. 8-10)

Geen KruisConnect hierdie Sondag nie.

## TIENERKERK (GR. 7-12)

Tienerkerk Dinsdae aande om 19h00 in die Bo saal.

# TAIZÉ TEKSTE VIR DIE WEEK

**SONDAG, 10 Mei**
Joh. 14:18-21

**MAANDAG, 11 Mei**
Jes. 33:1-3

**DINSDAG , 12 Mei**
Joh. 20:19-31

**WOENSDAG, 13 Mei**
Joh. 3:22-36

**DONDERDAG, 14 Mei**
Filip. 2:1-11

**VRYDAG, 15 Mei**
Rom. 8:26-27

**SATERDAG, 16 Mei**
Joh. 14:15-21

**SONDAG, 17 Mei**
Joh. 17:1-11

# DEURKOLLEKTE

## SPESIALE KOLLEKTE: GEMEENTE - ONDERSTEUNING

Die Gemeentehulpfonds verleen ondersteuning aan gemeentes wat finansiële probleme ondervind. Die fons is bedoel om die geestelike bediening in stand te hou en nie vir kapitale werke of instandhouding van fisiese fasiliteite nie.

# KALENDERBORG: APRIL

CATHMAR
TV & RADIO
9 New Street, Paarl, 7646 | Tel: 021 872 1346
sales@cathmar.co.za | www.cathmar.co.za
Sales and repairs of audio & video equipment. Installation and maintenance of DSTV & Streaming devices.

# KONTAK ONS GERUS!

ONS WIL GRAAG GESELS!

## LERAARS

Jana van den Munckhof | 083 948 4233 | jana@toringkerk.co.za

Peet Bester | 084 583 3454 | peet@toringkerk.co.za

## TENTMAKER

Dawfre Theron | 082 899 3959 | dawfre@toringkerk.co.za

## JEUG

Stefan Smit | 074 232 0008 | jeug@toringkerk.co.za

## KANTOOR

Anna-Marie le Roux | 021 872 6730 | info@toringkerk.co.za

## FINANSIES

Annelie Dell | 021 872 6730 | finansies@toringkerk.co.za

## TERREINKOöRDINEERDER

Connie Jacobs | 071 295 9297 | info@toringkerk.co.za

## AFLOSKOSTER

Johan van Rhyn | 084 792 1040 | info@toringkerk.co.za

## ORRELIS

Mario Nell | 082 852 4536 | marionell2@gmail.com

RUSOORD: SONDAE 0M 10:30 IN RUSOORD KAPEL:
Emeriti predikante, Ds. Christo van Wyk en Ds. Nico Kriek bedien.



# DANKOFFERS

DANKOFFERS, MAANDELIKSE BYDRAE EN TIENDES

TORINGKERK
ABSA
TAKKODE:
632 005
REK NR:
400 590 176

TORINGKERK ZAPPER

# TK WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GEMEENSKAP

SLUIT AAN EN BLY IN KONTAK METJOU TORINGKERK GEMEENSKAP VIA WHATSAPP

TORINGKERK WHATSAPP GROEP

Kontak gerus die kantoor indien jy nie die Toringkerk Nuus per epos of Whatsapp wil ontvang nie.